# 10 *Donderdag*

**SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: DEUTERONOMIUM 22 – 25**

**Hoe ek my teenoor my naaste moet gedra**

God vra van sy kinders behoorlike gedrag. Dit word in hoofsaak bepaal deur die reël: Liefde tot God en jou naaste (HK, antw. 93). Dit is 'n ou beginsel (Lev. 19:18). Die Ou Afrikaanse vertaling praat van "volksgenoot". Jesus noem dit jou naaste (Luk. 10:30-32).

Elkeen wat God op jou pad plaas, vriend of vyand, is jou naaste. Dit raak jou gesindheid teenoor iemand anders se besittings (vs 1-4); sy veiligheid (vs 8); geslagsverhoudings (22:13-30; 23:17-18; 24:1-4; 25:5-16; Matt. 5:28,29); maatskaplike verhoudings (22:5); kleredrag; optrede teenoor slawe (23:15); menslike behoeftes (24:5-22) en die natuur (22:6, 7, 9-11).

Dié dinge is in die verlede deur ons aangegryp om verkeerde toepassings te maak en verkeerde standpunte te regverdig. God wil sy skeppingsorde handhaaf en nie dinge instel wat die naaste seermaak nie.

Gemeentegedrag kom in hoofstuk 23:1 ter sprake. Mense soos die ontmande word uitgesluit, omdat dit 'n afgodiese gebruik was om te ontman. God hef hierdie uitsluiting op (Jes. 56:3 ev; Hand. 8:27, 38). As hier van basters gepraat word, dan is die bedoeling nie soos ons dit gewoonlik verstaan nie. Die Hebreeuse woord beteken bloedskande of owerspel. Paulus sluit ook sulkes uit (1 Kor. 5:9-11). Sindelikheid kom ter sprake in 23:9-14 en regspraak in 25:1-4.

God vra behoorlike gedrag, want jy staan voor Hom (22:12; Eks. 28-33-35), voor sy skepsel en sy skepping. Hy vra eerbied teenoor Hom, teenoor jou naaste en ook teenoor hierdie aarde waarop Hy jou geplaas het.

*Sing: Psalm 8:1, 5, 7*

*Ds. LD (Lourens) Aucamp (Emeritus)*